

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 44: *D'varim* – Woorde.

Hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hazerot en Di-Zahav. Deut. 1:1 – PWL¹

Torah: Deut. 1:1 tot 3:22.

Haftorah: Jes. 1:1 tot 27.

Nuwe Verbond: 1 Kor. 6:1 tot 5; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9; Efes. 2:20; 4:11 tot 14; Hand. 7:38 tot 45; Hand. 13:17 en 18; Hebr. 3:7 tot 4:11; Luk. 9:1; Luk. 10:19; Rom. 8:37; 2 Kor. 10:3 tot 5; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 2 Tim. 1:7; 1 Joh. 4:18.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 44 wat afgelaai kan word by: [Parashah44Notas15](#) en [Parashah44Notas16](#).

Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can – John Wesley.

Give me one hundred preachers who fear nothing but sin, and desire nothing but God, and I care not a straw whether they be clergymen or laymen; such alone will shake the gates of hell and set up the kingdom of heaven on Earth – John Wesley.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

There is nothing impossible with God. All the impossibility is with us when we measure God by the limitations of our unbelief – Smith Wigglesworth.

Great faith is the product of great fights. Great testimonies are the outcome of great tests. Great triumphs can only come out of great trials – Smith Wigglesworth.

Torah Bespreking

In Hebreeus is die naam van die vyfde boek van die Torah, *elleh ha devarim*, wat beteken: *hierdie is die woorde* of verkort as *Devarim* (woorde), maar in Grieks word dit egter *Deuteronomium* genoem. Hierdie naam is gekies op grond van Deut. 17:18 en 19 waar gepraat word van ‘n afskrif van hierdie wet wat die koning wat oor Israel aangestel word, in sy besit moet hê om dit al die dae van sy lewe te lees en dit toe te pas:

18Dit sal ook wees dat as hy op die troon van sy koninkryk sit, hy vir homself ’n afskrif van hierdie wet in ’n boek moet skryf, in die teenwoordigheid van die Levitiese priesters 19en dit moet by hom wees, hy moet al die dae van sy lewe daaruit lees dat hy kan leer om יהוה, sy God, respekvol te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie reëls versigtig te doen

Hierdie boek van die wet, naamlik die Torah van Moses, is ook aan die priesters, die seuns van Levi wat die verbondsark gedra het, gegee en dit moes elke sewe jaar tydens Sukkot op die plek wat YHVH sou kies, aan die volk voorgelees word.

9Moshe het hierdie wet neergeskryf en dit aan die priesters, die seuns van Levi, gegee wat die verbondsark van יהוה gedra het en aan al die oudstes van Yisra’el. 10Toe het Moshe hulle beveel en gesê: “Aan die einde van elke sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytstelling van skuld, by die Fees van Hutte (Sukkot), 11wanneer die hele Yisra’el kom om te verskyn voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies, moet jy hierdie wet voor die hele Yisra’el lees, waar hulle kan hoor. 12Laat die volk bymekaarkom, die manne, die vroue, die kinders en die vreemdeling wat in jou dorpe is sodat hulle kan hoor, kan leer en יהוה, julle God, respekvol kan vrees en wees versigtig om al die woorde van hierdie wet te hou. 13Hulle seuns wat dit nie geken het nie, moet hoor en leer om יהוה, julle God, respekvol te vrees solank as wat julle lewe in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.” Deut. 31:9 tot 13.

Hierdie boek van die wet moes ook langs die verbondsark geplaas word.

26“Vat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as ’n getuie teen jou, 27want ek ken jul rebellie en jul hardkoppigheid. Let op, terwyl ek nog by julle lewe vandag, was julle rebels teen יהוה, hoeveel te meer dan ná my dood! Deut. 31:26 en 27.

Dit het as ‘n getuie (‘n herinnering) gedien van die gevolg van Israel se sonde van die aanbidding van die goue kalf en toe YHVH vir Israel as gevolg daarvan wou uitwis. Maar omrede Moses as middelaar by YHVH vir genade gepleit het, het YHVH vir Israel hierdie boek van die wet gegee as die tugmeester tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24en 25). Elkeen wat die Torah van Moses (die wetboek), asook die tien gebooie wat in die verbondsark was, noukeurig sou onderhou, sou lewe en geseën word!

Luister nou, Yisra’el, na die reëls en die wette wat ek julle leer om te doen sodat julle mag lewe en ingaan en die land wat יהוה, die God van julle vaders, aan julle gee, in besit neem. Deut. 4:1.

Die Griekse naam van hierdie boek is dus gekies vanweë die betekenis van *deuteronomium*, naamlik *die herhaling van die wet* of die letterlike betekenis is: *die tweede wet* (*deuteros* beteken *tweede* en *nomos* beteken *wet*). Deuteronomium is grootliks ‘n herhaling (hersiening) van al YHVH se onderrig en instruksies (die Torah) soos deur Moses aan die volk oorgedra was, hoewel dit ook nuwe onderrig en instruksies bevat.

Deuteronomium kan ook as Moses se afskeidstoespraak beskou word voordat hy sou sterf en die volk onder die leiding van Josua die beloofde Land in besit sou neem. Yeshua Messias het meer uit Deuteronomium aangehaal as uit die ander 4 boeke van die Torah.

Die kern van Moses se laaste toespraak aan Israel vind ons Deut. 4:39 en 40:

39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. 40 Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”

Moses se laaste woorde aan Israel kan ook opgesom word in die woorde van die Prediker:

13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: “Vrees God respekvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur Een Meester aan elke mens, 14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos.” Prediker 12:13 en 14.

Bepeins of Bespreek.

1. Elkeen wat bely dat Yeshua die Messias tot vergifnis van sonde en versoening met YHVH is, staan nie meer onder die tugmeester van die Torah van Moses nie. Nee, ons is nie meer soos ‘n kind wat onder ‘n tugmeester se gesag staan nie, maar nou mede erfgenaam saam met Yeshua! (Gal. 4:4 tot 7). Ons dien YHVH nou op die nuwe en lewende weg wat Yeshua vir ons voorberei het deur sy liggaam wat vir ons “geskeur” was (Heb. 10:20). Die wet van die Gees van Lewe in Yeshua, Die Gesalfde Een, het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood, naamlik die Torah van Moses (die boek van die wet of wetboek), sodat ons YHVH nou volgens die Torah van Yeshua van die nuwe verbond kan dien. Paulus verduidelik dit soos volg:

2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, 3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:2 tot 4.

Daarom is die vraag: Staan Rabbynse Judaïsme steeds onder ‘n tugmeester, want deur Yeshua as Messias te verwerp het hulle ook hul erforsie prys gegee!? Hulle is steeds diensknegte van die wet!

Hierdie Is Die Woorde

Hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra’el gepraat het.....Deut. 1:1.

Ons Torahskriflesing begin met *hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra’el gepraat het....* Die afskeidswoorde van ‘n persoon is altyd die belangrikste. Daarom moet ons

luister na Moses se laaste woorde aan Israel, want dit bevat geestelike waarhede wat steeds vandag op ons van toepassing is!

Moses se afskeidswoorde bevat ook 'n opsomming van alles wat met Israel gebeur het sedert hulle bevryding van die slawejuk van Egipte en tydens hul swerftog in die wildernis. Die generasie wat op die punt staan om die Beloofde Land in te gaan, word herinner aan hulle eie en aan hulle ouers se rebellie en wantroue en word daaraan herinner om nie dieselfde foute te begaan nie.

In vele opsigte kan ons ook vandag met Israel van ouds identifiseer, want ons het ook op die punt gekom van die naderende einde van YHVH se genade tydperk voordat die ware Israel die Beloofde Koninkryk van die Hemele in besit sal neem en hierdie koninkryk weer fisies op aarde gevestig sal word. Daarom herinner Paulus ons daaraan in 1 Kor. 10:1 tot 12 om nie YHVH te versoek soos Israel gedoen het nie!

1My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, 2almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, 3almal dieselfde geestelike kos geëet het 4en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is en die Rots is Die Gesalfde Een. 5Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. 6Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie 7en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." 8Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. 9Laat ons ook nie Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie. 10Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. 11Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. 12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Wat was een van die grootste "foute" wat Israel gemaak het? Afgodery!! Daarom gaan Paulus voort en waarsku ons in vers 14 om weg te vlug van die diens aan afgodery! Israel se afgodery het begin met die aanbidding van die goue kalf en deur die eeue het Israel dikwels in afgodery verstriek geraak!

Daarom is dit noodsaaklik om duidelikheid te kry oor wat afgodery is!

Afgodery is die behoefte aan 'n god en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter en vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van YHVH-God aan hierdie afgod(e) gegee. Onthou: Torah beskryf die hoedanighede (Karakter en Outoriteit) van YHVH en hierdie Karakter en Outoriteit van God word opgesom in die tien gebooie – die tien woorde (*asarah dabar*)! Om dus enige van die tien gebooie te minag (te verwerp), is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van YHVH se hoedanighede bevat. Daarom is die maatstaf (die duimreël) of ons YHVH-God of 'n afgod dien, om te kyk na watter van die 10 gebooie ons onderhou – al tien of net nege!! Diegene wat bely dat Yeshua die Messias is, maar weier om al tien gebooie te onderhou is besig met afgodery!!

Israel moes die Beloofde land in besit gaan neem deur die vyande van YHVH wat in Kanaän woon te oorwin en deur al hul afgode te vernietig. Daarom het Josua aan die volk gesê:

¹⁴Vrees יהוה daarom respekvol en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier en in Mitzrayim gedien het en dien יהוה. ¹⁵As dit onaanvaarbaar is in julle oë om יהוה te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier gedien het, òf die gode van die Emoriete in wie se land julle woon, maar ek en my huis, ons sal יהוה dien.” Jos. 24:14

YHVH het die Beloofde Land aan hulle gegee volgens die belofte aan hulle vader Abraham, Isak en Jakob (Gen. 15:18 tot 21), maar dit het ‘n handeling van vertroue en gehoorsaamheid van Israel vereis om dit in besit te neem! Israel moes Josua volg en Kanaän in besit neem!

So moet ons Yeshua volg en die Beloofde Land, naamlik die Koninkryk van die Hemel in besit neem! Ons moet alle afgode verwyder en YHVH ons God en Vader in Gees en Waarheid dien (Joh. 4:23 en 24) volgens die Torah van die nuwe verbond! Daarom is die woorde van Yeshua, soos opgeteken is in Matt. 11:12, meer as ooit voorheen van toepassing op ons elkeen:

Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld. Matt. 11:12 (1953 vertaling).

Ons ywer om die koninkryk van die hemele in besit te neem moet soos die van ‘n geweldenaar wees – soos met die ywer van ‘n Pingas (Parashah 41).

Maar wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie (1 Kor.10:12)! Want Yeshua het ook gesê:

²¹Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. ²²Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?’ ²³Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af nie met julle ‘n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!’ Matt. 7:21 tot 23.

Vertroue in Yeshua as die Messias tot versoening met YHVH en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is en in die nuwe verbond uiteengesit word, is die pad tot oorwinning en die smal weg na die koninkryk van die hemele! Ons sal alleenlik oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis! Maar dit sal die vreeslose ywer van ‘n Pingas van elkeen vereis! Dit sal vereis om YHVH in alles te vertrou en gehoorsaam te wees, asook om alle afgodery uit ons lewe te verwyder!

Bepeins of Bespreek

1. Bevat Rabbynse Judaïsme ook afgodery? Besin daarvoor ondermeer in die lig van Deut. 6:4 en 5. Om YHVH met jou hele wese lief te hê is ook om Sy Seun met jou hele wese lief te hê. Voldoen Rabbynse Judaïsme hieraan? Is die feit dat hulle Yeshua verwerp dan nie gelykstaande aan die aanbidding van ‘n god wat hulle vir hulself opgerig het nie? Paulus sê duidelik dat sy broers van die huis van Juda hulle eie geregtigheid opgerig het en nie YHVH se geregtigheid ken nie (Rom. 10:1 tot 3). Hulle het wel die ywer, maar weens hulle ongehoorsaamheid moet hulle die gevolge dra.

2. Is alles wat met Israel sedert die dae van Yeshua op aarde gebeur het, en steeds gebeur, die bewys van die gevolge van hulle wantroue en ongehoorsaamheid aan YHWH wat Sy Seun as Koning, Hoofpriester en Profeet in die plek van Moses en Aäron gestuur het?

Gehoorsaamheid Wat Uitgestel Word

En יהוה het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.' Deut. 1:42.

Van die eerste afskeidswoorde van Moses was om Israel te herinner aan hulle wederstrewigheid en ongehoorsaamheid toe hulle die woorde van die tien verkenners geglo het dat Israel nie opgewasse is teen die reuse van Kanaän nie (Deut. 1:21 tot 46).

Gehoorsaamheid wat uitgestel word is ongehoorsaamheid! Dit is die les wat Israel geleer het nadat hulle berou gekry het oor hulle ongehoorsaamheid om nie Kanaän in besit te wil gaan neem nie. Nadat Moses hulle bevel gegee het dat hulle moet omdraai en na die woestyn trek, het hulle egter geantwoord: '*Ons het teen יהוה gesondig; ons sal opgaan en gaan veg, net soos יהוה, ons God, ons beveel het.*' YHWH het egter geantwoord: *Julle mag nie optrek en veg nie – want Ek is nie in julle midde nie – dat julle nie voor julle vyande verslaan word nie* (Deut. 1:42).

⁴³So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar julle het teen die opdrag van יהוה gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek ⁴⁴en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se'ir tot by Hormah. ⁴⁵Julle het teruggekóm en voor יהוה gehuil, maar יהוה wou nie na julle stem luister nie en het geen gehoor aan julle gegee nie. Deut. 1:43 tot 45.

Hierdie was sonde van wantroue en ongehoorsaamheid! Israel wou egter op hulle manier sondevergifnis ontvang deur te probeer om dit reg te maak wat hulle verkeerd gedoen het. Dit is egter YHWH-God wat sonde vergewe en ons kan nie met Hom daarvoor onderhandel nie. Sonde het altyd gevolge!! Vergifnis is onmiddelik, maar gevolge kan 'n baie lang tydsduur hê. In die geval van Israel 'n swerftog van bykans 40 jaar!

Bepeins of Bespreek

1. Het ons ook al soos Israel opgetree wanneer ons berou gekry het oor ons sondes? Onthou: Vader-God is te alle tye die Oppergesag – selfs in tye van sondeberou. Ons moet te alle tye dinge volgens YHWH se manier doen! Ons ontvang altyd vergifnis indien ons met opregte berou ons sondes bely (1 Joh. 1:9), maar dikwels moet ons steeds die gevolge van ons sondes dra. Dit wat ons gesaai het, moet ons oes! Beteken dit dat Vader-God ons aan ons lot oorlaat wanneer ons 'n sonde-oes moet afhaal?

Messias Groter As Moses

(Hersiening van verlede jaar se notas)

My vraag aan elkeen is die volgende: Getuig jou geloofslewe dat Yeshua Messias groter is as Moses? Ek kan die vraag ook anders stel, naamlik: Getuig jou geloofslewe dat die Torah van Messias van die nuwe verbond groter is as die Torah van Moses, naamlik as die boek van die wet?

Volgens die brief aan die Hebreërs is die lof en die eer van Yeshua – God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester – baie meer as die van Moses!

¹My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester. ²Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was, ³want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis, ⁴want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. ⁵Moshe was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word, ⁶maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou. Heb. 3:1 tot 6.

Let op vers 5: Moses, en dus die boek van die wet, was 'n getuienis van dit wat nog deur Yeshua gesê sou word! Yeshua is in die plek van Moses aangestel oor Israel. Daarom sê Paulus dat Yeshua die einddoel van die geskrewe wet (die wetboek) was (Rom. 10:4) en dat dit wat volg se lof en eer baie meer is as die van Moses!

Paulus bevestig ook in sy tweede brief aan die Korinthiërs in 2 Kor. 3:4 tot 18 dat die heerlijkheid van die Torah van YHVH soos dit in Yeshua volbring is en in die nuwe verbond uiteengesit word, groter is as die heerlijkheid van die Torah van Moses wat slegs 'n tugmeester tot Yeshua was (Gal. 3:24 tot 25).

Paulus skryf dat YHVH hom waardig geag het om 'n bedienaar van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord (Torah van Moses) maak dood, maar die Gees gee lewe (2 Kor. 3:4 tot 6). Hy tref dan 'n vergelyking tussen die Torah van Moses, naamlik die geskrewe wet (die boek van die wet) en die Torah van Messias van die nuwe verbond!

⁷As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Moshe nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan, ⁸hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie? ⁹As die bediening wat veroordeel, in eer, lof en grootheid was, hoeveel meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, oorvloedig in eer, lof en grootheid, ¹⁰want as gevolg van die alles oortreffende eer, lof en grootheid, is, wat vroeër eer, lof en grootheid was, ook nie meer in eer, lof en grootheid nie, ¹¹want as daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly.
2 Kor. 3:7 tot 11.

Die Torah van Moses, naamlik die bediening van die dood, het in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH gekom, maar dit was van verbygaande aard. Die Torah van Yeshua, naamlik die bediening van die Gees het egter in 'n veel groter Gemanifesteerde teenwoordigheid van YHVH gekom, want dit is blywend!!

As die bediening wat veroordeel, naamlik die Torah van Moses, in eer, lof en grootheid was, soveel te meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, naamlik die Torah van Yeshua, oorvloedig in eer, lof en grootheid! As daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, naamlik die Torah van Moses, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly, naamlik die Torah van Yeshua!!

Het die Torah van Moses dan nog enige nut? Ja, want dit leer ons steeds wat sonde is (Rom. 3:20; Rom. 7:7! Dit leer ons wat is rein en onrein, asook wat is heilig en onheilig en wat is reg en wat is verkeerd volgens YHVH se standaard. Dit gee ons begrip van daardie gedeelte

van die Torah van Moses wat ons vandag geestelik moet toepas, soos byvoorbeeld die seremoniële wette aangaande die tempel, priesterorde en offerandes.

Maar soos reeds genoem moet ons verstaan dat die Torah van die Gees van die lewe in Messias Yeshua, naamlik die Torah van Yeshua, ons vrygemaak het van die Torah van die sonde en die dood, naamlik die Torah van Moses (Rom. 8:1 tot 4).

Die Torah van Moses was swak vanweë die vleeslike aard van die mens en daarom het die mens voortdurend skuldig gewees aan die oortreding van die Torah van Moses. Daarom het YHVH Sy Seun in die vorm van sondige vlees gestuur om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die straf van die oortreding van die Torah van Moses vir ewig volbring kan word in ons wat nie meer volgens die vlees wandel nie, maar volgens die Gees tot gehoorsaamheid aan die Torah van Yeshua.

In die lig van bogenoemde kan ons nou Paulus se verdere verduideliking in 2 Kor. 3:12 tot 18 verstaan:

12Omdat ons hierdie versekerde verwagting het, tree ons daarom al hoe meer met vrymoedigheid op, 13nie soos Moshe nie, wat 'n bedekking oor sy gesig gesit het sodat die mense van Yisra'el nie sou aanhou kyk nie, want dit het geen doel gehad nie, 14maar hulle is verblind in hulle begrip, want tot op hierdie dag toe bly dieselfde bedekking oor hulle by die lees van die Tanakh en word dit nie openbaar dat die bedekking besig is om deur Die Gesalfde Een vernietig te word nie. 15Tot vandag toe, wanneer Moshe gelees word, word die bedekking oor hulle verstand, wil en emosie gelê 16en wanneer enige iemand van hulle na יהוה toe draai, word die bedekking van hom af weggeneem. 17יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid. 18Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in 'n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees.

Diegene wat vashou aan die Torah van Moses, en wat in afwagting is van die derde tempel en die herstel van die Levitiese priesterorde en offerandes, het 'n bedekking oor hulle verstand, wil en emosie! Hulle is blind vir die genade van YHVH soos in Yeshua Messias volbring is. Hulle ondervind nie die vryheid van die skuld las vir die voortdurende oortreding van die Torah van Moses nie. Onthou! Hierdie skuldbrief is teen die folterpaal vas genael (Kol. 2:14).

Maar wanneer enige iemand van hulle wat 'n bedekking oor hulle verstand, wil en emosie het na יהוה toe draai, word die bedekking van hom af weggeneem. Alleenlik dan sal ons met onbedekte gesig die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH sien soos in 'n spieël en sal ons voortdurend verander word na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur YHVH, die Gees.

Opsommend

Hierdie is 'n kort opsomming en hersiening van die hoogtepunte wat ons gebring het tot die begin van Deuteronomium.

YHVH het met Israel se aankoms by die berg Sinai 'n bloedverbond gesluit (die boek van die verbond – Ex. 24:7). Hierdie verbond was 'n voortsetting en uitbreiding van die verbond met Abraham (Genesis 15) en hiervolgens sou Israel 'n koninklike priesterdom vir YHVH wees (Ex. 19:5 en 6). Dit is die verbonde van die belofte waarvan Israel en almal wat die besnydenis van die hart ondergaan het, deel van geword het deur vertrou in Yeshua as die Messias:

11As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en 'onbesnedenis' genoem is, anders as hulle wat 'die besnedenis' genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word 12en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld. Efes. 2:11 en 12.

Maar hierdie verbonde van die belofte was met die aanbidding van die goue kalf verbreek (Exodus 32). Israel het dus verdien om uitgewis te word (Ex. 32:9 en 10), want verbreking van 'n bloedverbond is strafbaar met die dood.

Maar Moses het as middelaar opgetree (Ex. 32:11 tot 14) en YHVH het hulle nie uitgewis nie! Hy het hulle egter die Torah van Moses (die boek van die wet; wetboek – Deut. 29:21; Deut. 30:10; Deut. 31:26; Neh. 8:1; Gal. 3:10) gegee wat as tugmeester (as gids)(Gal. 3:24 en 25) gedien het tot Yeshua sou kom – Die Gesalfde van YHVH wat die prys sou betaal vir die verbreking van die verbond.

Yeshua het die prys betaal deur aan die folterpaal te sterf vir die verbreking van die bloedverbond (die boek van die verbond – Ex. 24:7) wat YHVH met Israel se aankoms by die berg Sinai gesluit het. Hy het ook in die plek gesterf vir elkeen wat gebukkend gegaan het onder die gewetenslas van die onvermoë om die Torah van Moses te hou! Yeshua kon in ons plek sterf omrede Hy Israel verteenwoordig het met die sluit van die verbond met Abraham (Gen. 15:9 tot 21) wat die begin was van die verbonde van die belofte. Daarom kon YHVH 'n nuwe verbond met Israel sluit!

Met verwysing na die ou verbond lees ons in Heb. 8:6 tot 10 die volgende:

6maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is, 7want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, 8want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, 9nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. 10 "Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees.

Die wette wat in ons begrip (verstand) gegee is en wat op ons wil en emosie (hart) geskryf is, is die Torah van Yeshua Messias. Daarom is elkeen wat vertrou het in Yeshua as die Messias en gehoorsaam is aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is, 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisédek! Die apostel Petrus bevestig dit:

9Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, 10julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10.

Ons leef in tye waar die eindes van die eeue by ons aangekom het (1 Kor. 10:11), en soos Israel van ouds die Torah van Moses weer moes hoor voor hulle die Beloofde Land in besit kon neem, so moet ons weer die woorde van die nuwe verbond hoor voordat ons die beloftes van 'n ewige Koninkryk in besit kan neem.

Daarom kan ons die woorde van Moses in Deut. 4:39 en 40 soos volg aanpas:

Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou soos dit in Yeshua volbring is sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy vir ewig mag leef in die Koninkryk wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”

Bepeins en Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme is verblind in hulle begrip, want tot op hierdie dag toe bly dieselfde bedekking oor hulle by die lees en die onderhouding van die Torah van Moses. Deur hul verwerping van Yeshua as Messias word dit nie aan hulle openbaar nie dat die bedekking slegs deur Die Gesalfde Een vernietig word. Hulle besef nie dat hulle bevry kan word van die skuldbrief wat steeds teen hulle van krag is nie. Hulle besef nie dat die Torah van Yeshua ‘n sagte juk en ‘n ligte las is nie! Lees Matt. 11:28 tot 30 en Hand. 15:10.
2. Die Torah van Moses bestaan uit:
 - Die seremoniële wette, naamlik YHVH se onderrig en instruksies ten opsigte van die tabernakel (tempel), Levitiese priesterorde en die offerandes.
 - Die etiese wette (morele, sedelike wette), naamlik YHVH se onderrig en instruksies vir ‘n ordelike en voorspoedige samelewing wat YHVH se seëninge deelagtig sal wees. Die fondament hiervan is die tien gebooue.

Die seremoniële wette is egter in Yeshua volbring en daarom is dit uitgedien. Die fisiese tempel is vervang met die liggaam van die gelowige (2 Kor. 6:16). So ook is die Levitiese priesterorde vervang met die priesterode van Melgisédek (Heb. 7:12 tot 17) en word daar nie meer fisies offers gebring nie, maar wel looffers (Heb. 13:15) en die offer van ons liggame as ‘n lewende, afgesonderde en welgevallige offer aan YHVH (Rom. 12:1 en 2). Yeshua was die volmaakte eenmalige offer! Lees Heb. 7:11 tot 28.

Die etiese (morele, sedelike) wette is steeds geldig en die tien gebooue is steeds die fondament daarvan. In die nuwe verbond is die etiese wette bevestig en selfs uitgebrei. ‘n Voorbeeld hiervan is die wet oor egbreek waar die daad volgens die Torah van Moses as sonde gesien word. Maar in die nuwe verbond volgens die Torah van Yeshua word egbreek gepleeg deur selfs begeerlik na ‘n vrou te kyk (Matt. 5:28). Watter ander etiese wette is in die nuwe verbond uitgebrei?

3. Die volgende is uit die pen van A.W Tozer (The Specialist). Kan jy hiermee identifiseer – is jy YHVH se spesialis?

Great industrial concerns have in their employ men who are needed only when there is a breakdown somewhere. When something goes wrong with the machinery, these men spring into action to locate and remove the trouble and get the machinery rolling again. For these men a smoothly operating system has no interest. They are specialists concerned with trouble and how to find and correct it.

In the Kingdom of God things are not too different. God has always had His specialists whose chief concern has been the moral breakdown, the decline in the spiritual health of the nation or the Church. Such men were Elijah, Jeremiah,

Malachi, and others of their kind who appeared at critical moments in history to reprove, rebuke, and exhort in the name of God and righteousness.

A thousand or ten thousand ordinary priests or pastors or teachers could labour quietly on, almost unnoticed, while the spiritual life of Israel or the Church was normal. But let the people of God go astray from the paths of truth, and immediately the specialist appeared almost out of nowhere. His instinct for trouble brought him to the help of the Lord and of Israel.

Such a man was likely to be drastic, radical, possibly at times violent, and the curious crowd that gathered to watch him work soon branded him as extreme, fanatical, negative. And in a sense they were right. He was single-minded, severe, fearless, as these were the qualities the circumstances demanded. He shocked some, frightened others, and alienated not a few, but he knew Who had called him and what he was sent to do. His ministry was geared to the emergency, and that fact marked him out as different, a man apart.

Such a man as this is not an easy companion. The professional evangelist who leaves the wrought-up meeting as soon as it ends to hurry over to the most expensive restaurant to feast and crack jokes with his sponsors will find this man something of an embarrassment, for he cannot turn off the burden of the Holy Ghost as one would turn off a faucet. He insists upon being a Christian all the time, everywhere; and again, that marks him out as different.

Toward him it is impossible to be neutral. His acquaintances are divided pretty neatly into two classes, those who love him with all admiration, and those who hate him with perfect hatred!

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliied.info
Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.